# MOOI SONDER



## ONDERBAADJIE

**BENODIGDHEDE:** *Jaeger Mohair Spun: 6 bolle van 25 g elk in sprongkleur, 8 bolle van 25 g elk in bypassende effe kleur; 2,25 m satyn- of fluweellint van 1 cm breed; een paar elk breinaalde van 4,50 mm en 6,50 mm; borduurnaald.*

**MATE:** *Om borsmaat 87-97 cm te pas; lengte 58 cm.*

**SPANNING:** *14 ste en 10 rye = 10 x 10 cm oor kantpatroon.*

**AFKORTINGS:** *r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); herh - herhaal; grn - garing rondom naald; gl - glip; gs - glipsteek; tes - tesame; tgso - trek glipsteek oor; pat - patroon; k 6 - kabel oor 6 steke soos volg:*
**1e en 3e ry:** r 6.
**2e en alt rye:** aw 6.
**5e ry:** Glip 3 ste op kabelnaald, hou aan voorkant van werk, r 3, r die 3 ste van kabelnaald af.
**6e ry:** aw 6.
Dié 6 rye vorm kabelpatroon.

**AGTERPANT:** Met 4,50-mm-breinaalde en effekleurige garing, stel 87 ste op.
**1e ry:** *aw 2, r 6, aw 2, r 1; herh van * 6 keer, aw 2, r 6, aw 2.
**2e ry:** *r 2, aw 6, r 2, aw 1; herh van * 6 keer, r 2, aw 6, r 2.
**3e en 4e ry:** Soos 1e en 2e ry.
**5e ry:** *aw 2, k 6, aw 2, r 1, herh van * 6 keer, aw 2, k 6, aw 2.
**6e ry:** Soos 2e ry.
**7e en 8e ry:** Soos 1e en 2e ry.
Die 8 rye vorm patroon met kabel.
Herh die rye nog 4 keer.
Slaan oor na 6,50-mm-breinaalde.
Knip effekleurige garing af, heg sprongkleurgaring vas en brei in kant-pat.
**1e ry:** *r 2, grn, gl 1, r2 tes, tgso, grn; herh van * 16 keer, r 2.
**2e en 4e ry:** aw.
**3e ry:** r 4, *grn, gl 1, r2 tes, tgso, grn, r 2; herh van * 15 keer, r 2.
Die 4 rye vorm die patroon. Herh dit tot werk 18 cm lank is.
Brei voort in pat en vermeer 1 st aan weersk van vlg en elke daaropvlg 4e ry tot daar 101 ste is en werk 51 cm lank is en eindig met 'n RK-ry.
**Vlg ry:** aw 1, *vermeer, aw 4; herh van * 19 keer — 121 ste.
Slaan oor na 4,50-mm-breinaalde, knip sprongkleurgaring af en heg effekleurige garing vas om skouerstuk te brei.

**1e ry:** *aw 2, r 6, aw 2, r 1; herh van * 10 keer.
Hou kabelpatroon deurlopend korrek en vermeer 1 st aan weersk van elke 4e ry tot die skouerstuk 12 cm lank is.
Plaas 'n merker aan weersk van laaste ry om skouerlyn aan te dui. Heg die middelste 31 ste af en brei op ste aan één kant vir skouerstuk van voorpant.
Met pat voortdurend korrek, vermin 1 st op mousgatrand in elke 4e ry tot werk 12 cm vanaf merker lank is.
Heg af.
Heg garing weer aan ander kant vas en voltooi tweede kant om ooreen te stem.

**LINKERVOORPANT:** Met 4,50-mm-breinaalde en effekleurige garing stel 38 ste op.
**1e ry:** *aw 2, r 1, aw 2, r 6; herh van * 2 keer, aw 2, r 1, aw 2.
**2e ry:** *r 2, aw 1, r 2, aw 6; herh van * 2 keer, r 2, aw 1, r 2.
**3e en 4e ry:** Soos 1e en 2e ry.
**5e ry:** *aw 2, r 1, aw 2, k 6; herh van * 2 keer, aw 2, r 1, aw 2.
**6e ry:** Soos 2e ry.
**7e en 8e ry:** Soos 1e en 2e ry.
Herh laaste 8 rye 3 keer, daarna weer van 1e tot en met 7e ry.
**Vlg ry:** aw 3, *aw2 tes, aw 4; herh van *4 keer, aw2 tes, aw 3 — 32 ste.
Slaan oor na 6,50-mm-breinaalde.
Knip effekleurige garing af en heg sprongkleurgaring vas. Brei kant-pat, soos vir agterpant, tot werk 18 cm lank is.
**Voorpantvorming:** Hou pat deurlopend korrek, vermin 1 st aan voorpantrand en vermeer 1 st aan syrand in vlg in elke daaropvlg 4e ry tot werk 51 cm lank is. Heg af.

**REGTERVOORPANT:** Soos linkervoorpant, alle vormings omgekeerd.

**KABELRAND** (voorpant): Met 4,50-mm-breinaalde en effekleurige garing, stel 8 ste op.
**1e ry:** r 6, aw 1, r 1.
**2e ry:** gl 1, r 1, aw 6.
**3e en 4e ry:** Soos 1e en 2e ry.
**5e ry:** k 6, aw 1, r 1.
**7e en 8e ry:** Soos 1e en 2e ry.
Herh die laaste 8 rye tot band lank genoeg is om oor regtervoorpantrand, agter om halsrand en af oor linkervoorpantrand te pas. Rek dit effens om 'n stewige rand te vorm. Heg af.
**Mousgatrande** (eenders): Met 4,50-mm-breinaalde en effekleurige garing, stel 8 ste op en brei ongeveer 56cm lank soos uiteengesit vir kabelrand van voorpant. Heg af.

**AFWERKING:** Werk voorpante netjies aan kabelskouerstuk vas, plooi effens in.
Laat 28 cm vanaf skouermerkers oop vir mousgate en werk synate toe. Werk voorpant- en mousgatrande netjies in posisie vas, met kabel aan buitenste rand. Gebruik sprongkleurgaring om drie keer oor die middel van elke kabel te werk vir versiering.
Ryg lint deur 1e ry gaatjies by middel, asook waar skouerstuk van voorpant begin. Bind 'n klein strikkie in middel van albei voorpante.

# MOEITE

## Brei dié twee baadjies vir die warm winterdae of koeler herfsdae



## KORTMOUTRUI

**BENODIGDHEDE:** *4 bolle Fiesta Double Crepe (50 g) vir al die groottes; paar elk breinaalde van 4 mm en 3,75 mm; 5 knope.*

**MATE:** *Borsmaat 86(91; 97; 102) cm, onder arm (toegeknoop) 88(94; 100; 106) cm, synaat 36 cm, lengte 53(54; 55; 56) cm.*

**SPANNING:** *20 ste en 32 rye = 10 x 10 cm met 4-mm-breinaalde oor patroonsteek.*

**AFKORTINGS:** *r - brei regs; aw - brei aweregs; vlg - volgende; st(e) - steek (steke); tes - tesame; vermin - verminder (deur twee steke saam te brei); g vt - garing vorentoe; gr2tgo - glip een steek, brei twee steke tesame regs, trek glipsteek oor; rif - riffelsteek (een regs, een aweregs deurgaans); beg - begin; RK - regte kant; pat - patroon; weersk - weerskante; herh - herhaal*

**AGTERPANT:** Met 3,75-mm-breinaalde stel 89(95; 101; 107) ste op en beg onewe rye met r 1 en ewe rye met aw 1. Brei 14 rye rif. Slaan oor na 4-mm-breinaalde en brei pat soos volg.
**1e ry:** r 1, *g vt, gr2tgo, g vt, r 3; herh vanaf * tot 4 ste oorbly, g vt, gr2tgo, g vt, r 1.
**2e ry:** aw.
**3e ry:** r 4, * g vt, gr2tgo, g vt, r 3; herh vanaf * tot 1 st oorbly, r nog 1 st.
**4e ry:** aw.
Dié 4 rye vorm pat. Herh nog 22 keer.

**Mousgatvorming:** Hou patroon deurlopend korrek waar moontlik, heg 5(6; 6; 7) ste af aan beg van vlg 2 rye, daarna vermin 1 st aan weersk in vlg 5(5; 7; 7) rye. Brei 1 ry, vermin dan 1 st aan weersk in vlg 5(5; 7; 7) rye. Brei 1 ry, vermin daarna 1 st aan weersk in vlg en daaropvlg 2(3; 2; 3) alt rye — 63(65; 69; 71) ste.
Brei 45(45; 49; 49) rye pat.

**Skouerafskuinsing:** Heg 6(6; 6; 7) ste af aan beg van vlg 2 rye, 6(6; 7; 7) ste aan beg van vlg 2 rye en 6(7; 7; 7) ste aan beg van vlg 2 rye. Heg oorbl 27(27; 29; 29) ste af.

**LINKERVOORPANT:** Met 3,75-mm-breinaalde stel 41(45; 47; 51) ste op en brei 14 rye rif soos vir agterpant, maar vermin 1 st aan einde van laaste ry vir die groottes 91 cm en 102 cm — 41(44; 47; 50) ste**.
Slaan oor na 4-mm-breinaalde.
**1e ry:** r 1, *g vt, gr2tgo, g vt, r 3; herh van * tot 4(7; 4; 7) ste oorbly, g vt, gr2tgo, g vt, r 1 (4; 1; 4).
**2e ry:** aw tot einde.
**3e ry:** r 4, *g vt, gr2tgo, g vt, r 3; herh van * tot 7(4; 7; 4) ste oorbly, g vt, gr2tgo, g vt, r 4(1; 4; 1).
**4e ry:** aw tot einde.

Dié 4 rye vorm pat. Herh nog 22 keer.

**Mousgatvorming en voorrand: 1e ry:** Heg 5(6; 6; 7) ste af, pat tot 2 ste oorbly, r2 tes.
**2e ry:** aw tot einde.

NA BLADSY 160

# MOOI SONDER MOEITE

VAN BLADSY 121

***Vermin steeds 1 st op voorrand in elke 6e ry vanaf vorige vermin, **terselfdertyd,** vermin 1 st op mousgatrand in elk van vlg 5(5; 7; 7) rye, daarna 3(4; 3; 4) vlg alt rye — 25(26; 28; 29) ste.

Pat 5(3; 3; 1) rye, daarna vermin 1 st op voorrand in vlg ry en 6(6; 7; 7) daaropvlg 6e rye — 18(19; 20; 21) ste.

Pat 3(5; 3; 5) rye — pat 4(6; 4 6) rye hier wanneer regtervoorpant gebrei word.

**Skouerafskuinsing:** Heg 6(6; 6; 7) ste aan beg van vlg ry af, daarna 6(6; 7; 7) ste in vlg alt ry. Pat 1 ry, heg af.

**REGTERVOORPANT:** Brei soos uiteengesit vir linkervoorpant tot **. Slaan oor na 4-mm-breinaalde en beg met 1e(3e; 1e; 3e) pat-ry, pat 92 rye soos uiteengesit vir linkervoorpant.

**Voorrandvorming: Vlg ry:** r2 tes, pat tot einde.

**Mousgatvorming en randvorming: 1e ry:** Heg 5(6; 6; 7) ste af, aw tot einde.

Brei soos uiteengesit vir linkervoorpant van *** tot einde, let op verskille.

**MOUSGATSTROKE** (eenders): Werk skouernate toe. Met RK voor, heg garing weer aan werk vas en met 3,75-mm-breinaalde tel op en r 102(108; 114; 120) ste rondom mousgat. Brei 6 rye rif.

**VOORPANTSTROOK:** Met 3,75-mm-breinaalde stel 9 ste op en brei 4 rye rif soos uiteengesit vir agterpant.

**1e knoopsgatry:** Rif 3, heg 3 ste af, rif tot einde.

**2e knoopsgatry:** Rif 3, draai, stel 3 ste op, draai, rif 3.

Rif 22 rye.

Herh laaste 24 rye 3 keer, dan 2 knoopsgatrye nog 1 keer.

Brei voort in rif tot strook, effens gerek, oor regtervoorrand, halsrand van agterpant, en linkervoorrand pas. Heg af in rif wanneer verlangde lengte gebrei is.

**AFWERKING:** Pars liggies met warm yster oor droë doek.

Werk synate toe tot oor mousgatrande. Werk voorpantstrook in posisie vas. Plaas boonste knoopsgat teenoor begin van voorpantvorming op regtervoorpant. Werk knope aan. ●




DIAGRAM KORTMOUTRUI



DIAGRAM ONDERBAADJIE







Die verskil is in al die besondere bestanddele: die tamaryn, die karamel en die ansjovis, asook die suiker, speserye, asyn en melasse wat die gawe geur van alle geregte te voorskyn bring. Hetsy in die dis of op die tafel.

Skud 'n botteltjie Holbrooks. Jy sal sien dis die wye wêreld se welbehaaglikste Worcestershire-sous.

'n Titsel maak 'n groot verskil... 'n titsel gee dit geur.

BARRETTS 13936A